Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 09/04 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   - ATKV-jeugtak, R62-Kamerade, wil net elke seun en dogter bedank vir die skenking van klere, skoene, speelgoed, boeke en blikkieskos. Met hierdie projek het ons vir elke kind in die skool 'n geleentheid gegee om ook na die goedere te kyk en 'n noodsaaklikheid te neem, want in ons eie skool is daar ook kinders wat 'n behoefte aan boeke en klerasie het. Die oorblywende geskenkte klerasie sal aan minderbevoorregtes gegee word.

2. **<u>Kyknet nasionale toneelspelkompetisie</u>:**
   Baie geluk aan Porsha Khewu en Sesethu Mtsele wat deurgedring het na die finale rondte van die Kyknet nasionale toneelspelskompetisie. Hulle is deel van die top 80 in die land. Hulle neem van 6-8 Mei by die Kunstekaapteater deel. Ons is baie trots op hulle.

3. **<u>Wenner van die "*Teken jou ma*"-kompetisie</u>:**
   ATKV-jeugtak R62-Kamerade wil net al die maats van graad 1 tot 6 bedank vir hul pragtige sketse van hul ma. Ons kon sien hul ervaar hulle ma's as besondere en liefdevolle mense as 'n mens na die sketse kyk.

Die wenners:	Graad 1:	Amy Labuschagne, Frané Strydom, Ruan Müller
	Graad 2:	Lexi Vermeulen, Igné Ferreira, Nehan Johnston
	Graad 3:	Roberrto Gallant, Bridget Minyayo, Waldo Strydom
	Graad 4:	Cornelius van Greunen, Simoné Kritzinger, Amoné Botha
	Graad 5:	Alana Johnston, Kaylee Barnard, Dylan Chari
	Graad 6:	Bella-Mae Strydom, Naudé Meyer, Andries van Greunen
	LSEN:	Sain Lee-Plaatjies, Angelique Labuschagne, Shurika Apies

   Baie geluk julle.

4. **<u>ATKV-projekte vir ons kinders</u>:**
   - <u>Entrepreneurskompetisie</u>: (graad 1- tot 12-leerders)
     As jy 'n entrepreneursonderneming het, is hierdie jou geleentheid om jou vaardighede op te skerp. Die AKTV-entrepreneurskompetisie is 'n opwindende nasionale platform waar jou besigheidsidee deur kundiges onder oë geneem word.
     Inskrywingsgeld: R135 per inskrywing
     Sluitingsdatum: 15 Oktober 2021

herotel IGEN

- Jeugberaad: (graad 10- tot 11-leerders) R1650 per persoon
  Die beraad daag jou denkwyses uit. Die program is interaktief, leersaam, vol pret en vind by die ATKV-Goudine-Spa op 12 tot 15 Julie plaas. Indien jy belangstel, kom na mev. Marietjie Strydom, juf. Sone van Huyssteen of Zack Strydom toe vir inligting.

5. **Wintersdrag:**
   Wintersdrag is vanaf 3 Mei verpligtend.

6. **OOV-Fondsinsameling**
   "Jaffles" @ R15 te koop op Vrydag, 16 April 2021. Ons werk slegs op bestelling. Vul asb die afskeurstrokie met u bestelling in en gee dit teen Woensdag, 14 April 2021, saam met u betaling by u kind se registeronderwyser(es) in. Bestelvorms sal volgende week uitgegee word.

   Baie dankie vir u ondersteuning met hierdie weeklikse OOV-fondsinsameling.

7. **Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021:**
   Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

8. **Finansies:**
   Die kopieerkoste van R500 per leerder vir 2021 moes op 31 Maart betaal gewees het. Ons doen 'n vriendelike beroep dat dit nou vereffen moet word.

   Busgeld is vooruit betaalbaar en ons versoek u vriendelik om die busgeld wat nog uitstaande is, te vereffen.

Daaglikse roete:	**[Kwartaal 1]**
Misgund	R1 456
Louterwater	R1 302
Krakeel	R1 148

Bankbesonderhede:	Bestuursliggaam HS McLachlan	
	ABSA Joubertina	
	Rekeningnommer:	1970 430047
	Tipe rekening:	Tjek
	Takkode:	334415
	Verwysing:	**KIND SE NAAM EN VAN**

   Ons doen weereens 'n vriendelike, dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat 'n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-epos sal word.

   Die volgende elektroniese betalings is ontvang en as gevolg van gebrekkige verwysings, weet ons nie wie die betaling gedoen het nie. Sal die betrokke persone asseblief vir mev. Mattheus in hierdie verband kontak.

   01.02.2021: Aftrekorder ABSA Bank
   Verwysing: Alex School fee – R2 610,00
   26.02.2021: Internetbetaling
   Verwysing: Skoolgeld – R1 075,00

herotel IGEN

9. **<u>Covid</u>:**
   <u>Prosedure voor skool:</u>
   Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

   Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:
   - Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
   - Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
   - Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
   - Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

10. **<u>Sport</u>:**

    - <u>Swem</u>:
      Baie geluk aan Makayla Walters (graad 6) wat Saterdag, 3 April, haar eerste myl geswem toe sy aan die *Marina Mile* in Astonbaai deelgeneem het. Sy het tweede in haar ouderdomsgroep gekom. Oopwaterswem verskil van swembadswem, omdat die seewater donker en onvoorspelbaar is. Makayla se volgende mikpunt is die dubbele myl. Ons is baie trots op Makayla.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

McLachlan Internet Fasiliteit